

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Ass. 2

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-02-19

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 177

(Bladsye 9 081 - 9 135)

HOF HERVATOP 19 FEBRUARIE 1987.

NAPHTALI MBUTI NKOPANE, v.o.e. (Deur tolk)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Mnr. Nkopane, ons is besig met BEWYSSTUK AN15(ii). -- Ja, dit is so.

Was kinders deel van die besluitneming op die vergadering van 26 Augustus 1984? -- Daar was kinders teenwoordig daar, maar dit was nie klein kinders gewees nie. Dit was kinders van die ouderdomme vanaf 18 en ouer.

HOF : Het u hulle as 'n aparte groep beskou? -- Nee, ek het hulle daar geneem as 'n gedeelte van die gehoor, nie as (10) 'n aparte groep nie.

MNR. HANEKOM : Stem u saam met die bewoording van AN15(ii) dat dit resolusies is van die inwoners, kinders en ouers en werkers? -- Ja, ek stem saam.

Stem u saam met die bewoording van die pamflet waar dit sê "No children or worker must go to school or work on Monday, 3rd of September 1984"? -- Ek stem saam met die bewoording, want dit was die besluit van die gemeenskap wat inwoners was dat dit so besluit word.

Was die besluit dat ouers, werkers en kinders nie moet (20) gaan nie of dat dit aan hulle oorgelaat word om te besluit of hulle wil skool of werk toe gaan? -- As u kyk na die begin van die geskrewe gedeelte van die pamflet sal u sien dat dit duidelik is dat dit 'n besluit was van die inwoners.

Dat die mense nie moet gaan nie? -- Die woord wat hier gebruik word is "must" in Engels. Ek sien 'n verskil hier. Die bewoording daar in Sotho, dit is die oorsprong van die dokument praat van die besluit wat geneem was dat daar nie kinders moet gaan nie. Nie dat hulle verplig is nie, maar nie moet gaan nie, maar hier word dit uitdruklik beskryf (30)

dat/...

dat die kinders moet nie gaan nie. Die bewoording anderkant het nie die "moet" in die sin nie. Dit is net dat die kinders sal nie gaan nie.

HOF : Watter woorde verwys u na? Watter woorde in die Sotho verwys u na? -- Die derde reël van bo af net na die datum 3 September 1984 is daar 'n Sotho woord "gosebe". Dit is eintlik nie dat die mense verplig was dat dit 'n moet was vir hulle om nie te gaan nie. Daardie woord is nie 'n woord om 'n mens in Sotho te verplig nie.

Wat is dit dan? -- Die woord is 'n verduideliking van (10) die besluite wat geneem was deur die persone by hierdie vergadering. Dit beteken dat mense word aangeraai om nie die dag werk toe te gaan nie.

Is dit wat die woord beteken? -- Ja, dit is my verduideliking van daardie woord.

MNR. HANEKOM : Het u dit op enige stadium met u regsvertegenwoordigers opgeneem dat die woord "must" 'n ongelukkige vertaling is vir die woord "gosebe"? -- Nee, ek het dit nie met hulle bespreek nie, omdat ek in gedagte gehad het dat ek sal maar moet verduidelik soos ek nou net verduidelik het wat (20) daardie spesifieke woord beteken.

HOF : Maar die frase kom twee keer voor. Die tweede keer word daar 'n ander woord voor gebruik. Is dit nie so nie? -- Ja, maar as 'n mens dit in Sotho lees, maak dit net duidelik wat die besluite was.

Wat sê u van die stelling "they must resign" net 'n bietjie laer af? Is daardie "must" ook verkeerd? -- Daardie een is korrek.

Watter woord is dit waarna u daar verwys? -- Die "klohe di tolong". Dit is die drie woorde net voor die hakkies (30)

vyf/...

vyf reëls van bo af.

MNR. HANEKOM : Na watter vergaderings verwys die pamflet as hy sê dit is resolusies wat geneem is "at meetings held during this month"? Na watter vergaderings het dit verwys? -- Volgens die skrywer hier neem ek aan dit is omdat die skrywer bewus is van die - bewus was destyds van die vergaderings wat vroeër gehou was Gebied 13 in Small Farms op die 26ste dat hy nou verwys na die vergaderings. Dit sluit in die vergadering van Boipatong. Ek weet nie. Dit is my vermoede hoekom hy dit so geskryf het. (10)

HOF : Is daar nie 'n ander interpretasie van die kennisgewing nie? Die vergadering of vergaderings van die VCA wat gehou is, was vergaderings van "residents"? -- Ja, dit is so.

Daar was ook vergaderings gehou van COSAS? Na hulle word verwys as die "children". Die "parents" het 'n "Parents Association" gehad. Miskien is daarvan vergaderings gehou, ons weet nie. Die "workers" is georganiseer in vakbonde. Miskien het hulle ook vergader, ons weet nie. Is dit nie 'n moontlike verduideliking vir hierdie opskrif "Residents, Children, Parents and Workers" nie? -- Nee, dit is nie (20) hoe ek dit verstaan nie.

Wel, ek kan dit nie begryp dat 'n mens as jy "residents" gesê het en jy bedoel die vergaderings wat die VCA gehou het, dan daar by gaan sit "Children, Parents and Workers" nie? -- Ek weet nie hoekom hy dit gedoen het nie, maar dit is nie hoe ek dit verstaan nie.

Het dit nie vir u snaaks opgeval dat hier kinders as die tweede belangrikste genoem word in die opskrif nie? -- Dit het my nie verbaas nie, want ouerige kinders word teenwoordig by 'n vergadering. (30)

Daar/...

Daar is seker, ja. Was daar 'n groot groep, sê nou maar meer as 'n derde van die teenwoordiges kinders by julle vergadering? -- Die meerderheid by hierdie vergadering was ou mense.

Ek het ook so van u verstaan dat die oorgrote meerderheid by die vergadering ou mense was? -- Ja, dit is so.

Nou om watter rede sou 'n mens dan kinders byvoeg by hierdie pamflet? -- Ek weet nie hoekom hy dit gedoen het nie, want behalwe om te sê dat dit miskien vir hom goed was dat hy so besluit het om dit so te doen om hierdie ver- (10)
gadering dan so bekend te maak.

Het u nie gevra nie? -- Nee, ek het nie gevra nie.

MNR. HANEKOM : Waarom moes die kinders, die skoolkinders betrek word in die "stay away" van 3 September? Waarom het julle nie die kinders uitgelos dat hulle skool toe gaan en dat hulle aangaan met hulle skool nie? -- Die rede wat ek kan verstrek daaromtrent was dat die werkers het besluit dat hulle die persone is wat nie werk toe sal gaan nie. Die onderwysers was beskou as 'n gedeelte van die gemeenskap wat ook deur die huur betrek word. Dit is hoe die (20)
besluit geneem was by hierdie vergadering. Hoekom hy nou hierdie pamflet op hierdie manier geformuleer het, weet ek nie. Dit wil sê waar hy nou spesifieke "kinders" geskryf het.

HOF : Sal die leser van die pamflet nie die indruk kry dat die kinders het besluit kinders mag nie skool toe gaan nie en die werkers het besluit werkers bly almal weg van die werk af op Maandag nie? -- Ja, 'n leser kan dit so verstaan.

En as 'n leser dit so verstaan sal hy weet dat as die kinders dit so besluit het, is dit COSAS wat so besluit (30)
het/...

het? -- Nee, nie dit nie.

Was daar enige ander kinderorganisasie daar doenig? --
By hierdie vergadering wat ons gehad het was COSAS nie genooi
nie.

U ontwyk my vraag. Was daar enige ander kinderorganisa-
sie doenig in die Vaal Driehoek op daardie stadium? -- Nee,
ek weet nie.

MNR. HANEKOM : Sal u met my saamstem dat as julle gereël
het dat kinders nie deel is van die optog nie, dat hulle
skool toe gaan daardie dag, die gevaar baie kleiner sou (10)
wees dat daar moeilikheid sou wees in die optog omdat dit
dan net 'n optog van groot volwasse inwoners sou wees? --
Hierdie pamflet sê nie dat die kinders die optog moet bywoon
of deel daarvan vorm nie.

As julle oproep geslaag was ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Nee, wag net so 'n bietjie, die pamflet praat glad nie
van 'n optog nie. Is dit nie 'n opvallende leemte in hierdie
pamflet nie? -- Ek het alreeds gesê daar was geen melding
gemaak van 'n optog op hierdie pamflet nie.

Ek sê is dit nie 'n opvallende leemte in die pamflet (20)
nie? -- Ja, dit is.

Want die pamflet is juis bedoel om die optog te adver-
teer? -- Dit was die doel van die pamflet.

Esau was nie 'n onnosel man nie, was hy? -- Nee, hy was
nie.

Is 'n geregverdigde afleiding dan nie dat dit opsetlik
uitgelaat is nie? -- Nee, dit weet ek nie.

En ek moet dit aan u stel billikheidshalwe as dit bevind
word dat dit opsetlik uitgelaat is, dan sou dit daarop dui
dat Esau ten minste geweet het dat die optog onwettig (30)
was/...

was en dat hy nie vooraf wou kennis gee daarvan aan die owerhede nie? -- In antwoord op u vraag en die stelling dan sal ek sê onmiddellik toe hierdie pamflet aan my afgelewer was, het ek opgemerk dat daar geen melding gemaak word van die optog van die 3de nie. Met die verspreiding van hierdie pamflet het ek dus melding daarvan gemaak dat daar 'n optog gaan wees op die 3de.

MNR. HANEKOM : Wanneer het u die pamflet in ontvangs geneem vir verspreiding? Op watter datum? -- Ek dink dit was die Donderdag of die Vrydag voor die einde van die week. Dit(10) is na die 26ste.

Hoeveel van die pamflette het u ontvang? -- Ek skat driehonderd.

Het u al driehonderd versprei? -- Ja, dit is so.

U alleen? -- Ja.

Waarom het u nie nadat u die pamflet ontvang het hierdie leemte in die pamflet met Esau gaan bespreek nie? --Wat in my gedagte gekom het was dat hy vergeet het om melding te maak van die optog op hierdie pamflet en ek het toe op my eie besluit terwyl ek dit versprei sal ek dan dit bekend(20) maak aan die gemeenskap en ook onder hulle bring van die fout wat begaan is.

Het u die pamflette wat u versprei het aan die mense persoonlik oorhandig of van die pamflette ook in erwe gesit of by busstoppe geplaas? -- Die meeste van die pamflette het ek aan mense oorhandig en daar is van hulle wat ek by die bushalte gelaat het.

HOF : Maak dit saak of die getuie dit uit 'n vliegtuig neergegooi het of met 'n fiets versprei het, mnr. Hanekom?

MNR. HANEKOM : Die relevansie sal blyk uit die volgende (30) vraag/...

vraag. Dié wat u nie aan mense persoonlik oorhandig het nie, hoe sou die mense wat daardie pamflet in die hande kry en lees weet van die optog? -- Ek het daarvan bewus geword toe ek dit gedoen het en voorbereidings gemaak hoe om dit reg te stel.

Hoe het u dit reggestel? -- Op die volgende manier. Op die 2de was Gebied 7 se komitee besig om aankondigings te maak van hierdie vergadering. Met dit het ons hulle toe dus gevra om ook in Gebied 3 te gaan en dit met die aankondiging reg te stel. (10)

Waarom het u nie doodeenvoudig die pamflette geneem en voor u dit versprei het op die pamflet ingeskryf dat daar 'n optog is op die 3de nie? -- Ek het op 'n paar van hulle geskryf soos u nou voorstel, maar weens die feit dat dit ek alleen was wat dit moes doen en dit was baie, het ek toe anders besluit, naamlik dat ek dit eers moet versprei en dit later korrigeer.

Wanneer het u die pamflet BEWYSSSTUK AN15(i) vir die eerste keer gesien? -- Ek het dit vir die eerste keer gesien as 'n bewysstuk hier in die hof. (20)

HOF : Maar weet u nie waar dit vandaan kom nie? Het dit nie met dieselfde ding te doen nie? -- Dit praat ook maar van dieselfde ding.

Maar die bewoording is anders? -- Ja, daar is 'n klein verskil.

MNR. HANEKOM : Is die kwessie van die deelname van kinders of skoliere aan die optog enigsins bespreek op die vergadering van 26 Augustus? -- Nee, dit was nie bespreek nie.

Ek wil net aan u stel dat beskuldigde nr. 10 het getuig in volume 161 op bladsy 7 963 dat dit aan die kinders (30)

verduidelik/...

verduidelik is op die vergadering van 26 Augustus dat hulle nie aan die opmars moet deelneem nie? -- Op die vergadering van watter datum?

26 Augustus? -- Die besluit daar by hierdie vergadering was dat die ou mense in die optog gaan deelneem na Houtkop toe en as beskuldigde nr. 10 dit so gestel het sal ek dit nie betwis nie.

HOF : Waar het hy dit gestel? Op watter bladsy?

MNR. HANEKOM : 7 963. My notas is nie heeltemal korrek nie.

HOF : Ek dink u moet bly by die rekord en nie by u notas (10) nie. Daardie vraag was verkeerd gestel.

MNR. HANEKOM : Ek sien op bladsy 7 965 sluit hierby aan reëls 9 en 10. Beskuldigde nr. 10 getuig dat dit aan die skoolkinders op die vergadering verduidelik was dat hulle nie uitgenooi is na die opmars nie.

HOF : Wat was verduidelik? "You indicated here to Mr Bizos a few minutes ago that the school children were not invited to that meeting, to the march and the stay away? - That is so." "Why do do you say invited? I did not hear anybody else being invited? - Because I take a call as an invitation.(20) Because if a call is made then voluntary participation is expected." "Was it explained as such? - It was explained as such during the questions." Dit kan slaan op "voluntary participation when a call is made." Nie noodwendig op iets met die kinders nie.

MNR. HANEKOM : Ja-nee, dit wil my so voorkom. Dan een aspek oor u getuienis gister was dat op 26 Augustus 1984 was u houding self dat daar nie onderhandel moes word met die raadslede nie as die memorandum Houtkop toe geneem word nie, maar dat die onderhandelinge moes geskied met die (30)

Administrasieraad/...

Administrasieraad. Tot op daardie stadium was u getuienis deurgaans dat u die rol van die VCA en van die areakomitee gesien het as 'n liggaam wat moes onderhandel met die Administrasieraad sowel as met die raadslede. Wat het u die ommekeer laat maak om op daardie stadium te besluit dat dit u standpunt is om self nie meer te onderhandel met die raadslede nie? -- Dit is nie wat ek gesê het nie.

HOF : Wat het u gesê? -- Wat ek gesê het was die besluit in hierdie vergadering was dat daar 'n gesprek uitgevoer gaan word met die Administrasieraad. Ek het toe verder (10) gesê indien die Stadsraad se lede besluit om by te wees met hierdie gesprek wat ons daar gaan uitvoer met die Administrasieraad is ons nie daarteen nie.

Wanneer het u dit gesê? -- Dit is my verduideliking wat ek gister aan die Hof gegee het.

MR BIZOS : I might say it accords with my Learned Friend's note of that, but I think that Your Lordship asked a question at the time "Did you invite them?" and there was something said about that.

COURT : Yes, I was attempting to clarify whether that was (20) said at the meeting or whether it was said in court.

MNR. HANEKOM : Was dit op die vergadering self gesê of na die vergadering of wanneer is dit bespreek? -- Nee, dit was nie so gesê by die vergadering nie. Die mandaat daar was dat ons met die Administrasieraad moet gaan praat.

Wat was u eie standpunt op daardie stadium? Was u ten gunste van onderhandelinge met die Stadsraad as 'n raad of met individuele raadslede of glad nie met hulle nie? -- Ek het saam met die gemeenskap gestem dat ons 'n gesprek moet uitvoer met die Administrasieraad. (30)

HOF/...

HOF : Die Stadsraad het 'n belang daarby gehad, neem ek aan?

-- Nee, dit weet ek nie.

Wel, dit is 'n klagte oor hulle. Het dit nie by u opgekom om hulle te nooi om by te wees as u u griewe voorlê aan die Administrasieraad nie? -- Die gemeenskap het besluit dat ons met die Administrasieraad moet gaan praat en dit is hoe die gemeenskap dit wou gehad het.

Het niemand gesê "en ons wil daar 'n verduideliking hê van die Stadsraadslede" nie? -- Nee, hulle het maar die hoop gehad dat die Administrasieraad miskien op 'n ander (10) manier sou praat.

Ek vra u die vrae omdat ek die indruk het uit die getuienis dat dit was dat by hierdie vergadering bespreek is dat die raadslede teenwoordig moet wees en ek het verder die indruk, ek mag verkeerd wees, dat daardie getuienis nooit betwis is nie? -- Daar was nie sulke getuienis gewees nie.

MNR. HANEKOM : Dit was u standpunt op daardie vergadering oor onderhandelinge met die Administrasieraad. Wat was u persoonlike standpunt voor daardie datum oor onderhandelinge (20) met die Stadsraad? -- Bedoel u wat my gevoel was voor die dag?

Ja, voor 26 Augustus 1984 se vergadering? -- Voor hierdie dag, dit is alvorens ek geweet het wat die gemeenskap gaan besluit, was my gevoel dat ons 'n gesprek kan uitvoer met hierdie Stadsraad.

Ek wil net aan u stel dat op die vergadering van 26 Augustus 1984 Esau wel aan die vergadering gerapporteer het voordat hy daar weg is dat hy na ander vergaderings gaan in Sharpeville, Bophelong en Tsirela? -- Ek stem nie saam nie. (30)

En/...

En ek wil dit ook aan u stel dat met sy terugkeer saam met Edith het hy aan die vergadering meegedeel dat hy wel op die vergaderings in daardie drie plekke was en dat op al drie daardie vergaderings resolusies aanvaar is oor 'n optog op 3 September en dat die mense nie moet huur betaal nie en dat raadslede moet bedank? -- Nee, ek stem nie daarmee saam nie.

En laastens dat Esau meegedeel het dat dit gereël was dat die mense van Tsirela se optog dieselfde tyd sal begin as die mense van Sebokeng s'n en dat hulle mekaar by 'n (10) kruising sal ontmoet? -- Nee, ek stem nie saam nie.

HOF : Net wat die topografie betref. As 'n mens sou stap in die rigting van Houtkop vanaf Boipatong, van Tsirela af, alternatiewelik iemand anders sal stap vanaf Small Farms na Houtkop toe, sal daar 'n kruising wees waar hulle bymekaar sal kom? -- Behalwe die mense wat vanaf Boipatong se rigting kom. Hulle sal by 'n kruising verby kom.

Sal die een pad by die ander een aansluit net voordat jy by Houtkop kom? -- Van watter rigting af?

Een groep mense of een mens stap van Boipatong af (20) en een mens stap van die Rooms Katolieke Kerk Small Farms af, sal hulle bymekaar uitkom by 'n kruising voordat hulle by Houtkop uitkom? -- Nee.

MNR. HANEKOM : Wie het die vergadering van 2 September 1984 in Sebokeng gereël? -- Edith Lethlake.

HOF : Waar is dit gehou? -- Roman Catholic Church Small Farms.

U praat van Sebokeng?

MNR. HANEKOM : Ek is jammer. Was daar by die vergadering van 2 September van die VCA se uitvoerende komiteelede (30)

teenwoordig/...

teenwoordig? -- Esau Raditsela was teenwoordig gewees by hierdie vergadering van die 2de. Net hy alleen.

HOF : Was Edith nie op die uitvoerende komitee nie? -- Edith was 'n areaverteenwoordiger. Ek weet nou nie of sy onder die besturende komitee val nie.

Wat bedoel u nou eintlik met 'n uitvoerende komitee? Bedoel u addisionele lede is ook daarby of bedoel u gebiedsverteenwoordigers is ook daarby of bedoel u nou net die voorsitter en die onder-voorsitter en die sekretaris en die tesourier? (10)

MNR. HANEKOM : Dit is korrek.

HOF : Daarvan was daar net Esau het ons gehoor.

MNR. HANEKOM : Was Edith teenwoordig op die vergadering van 2 September? -- Nee, sy was nie teenwoordig nie.

Weet u waarom sy nie daar was nie? -- Ek weet nie op die oomblik nie. Daar was melding gemaak van die rede hoekom sy nie teenwoordig kon wees nie, maar ek kan nie meer onthou nie.

Watter gebiede was almal verteenwoordig by die vergadering? -- Gebied 3, 7, 12, Boipatong. Ek weet nou nie (20) van die ander gebiede wat ek nie genoem het nie, want ek weet nie of hulle wel verteenwoordig was al dan nie, want daar is vyf persone wie se name ek nie genoem het wat daar was nie, want ek weet nie wie hulle daar kom verteenwoordig het nie.

HOF : Waarom is dit nodig, mnr. Hanekom, om hierdie getuienis te laat herhaal? Betwis u dat daar 'n klomp gebiedsverteenwoordigers bymekaar gekom het op 2 September?

MNR. HANEKOM : Nee.

HOF : Nou as dit nie betwis word nie, waarom som u dit nie op nie en sê "Jou getuienis was dat daar 'n klomp gebieds- (30) verteenwoordigers/...

verteenwoordigers bymekaar gekom het" en u stel u pertinente vraag nie? Hoekom moet ek twee keer dieselfde goed afskryf? Of is u besig om sy geheue te toets op die kleinste detail?

MNR. HANEKOM : Nee.

HOF : Nou ja, as u dit nie doen nie, moenie my tyd mors nie.

MNR. HANEKOM : U getuienis was dat die doel van die vergadering was om die resolusies wat by vorige vergaderings geneem is daar te bespreek op 2 September. Is dit reg? -- Ek het eintlik gesê wat van belang was daar was die griewe van die mense (10) wat hulle gehad het.

Is dit so dat daar van die mense op die vergadering verslag gedoen het oor vergaderings wat in ander gebiede gehou was? -- Ja.

Van watter gebiede het u verslae ontvang oor vergaderings? -- Gebiede 3, 7 ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit is afsonderlike vergaderings? Nie saam nie. -- Daar in hierdie vergadering, al wat daar bespreek was, het betrekking gehad op die twee vergaderings. Die een van die 25ste en die 26ste. Dit wil sê die twee vergaderings van (20) die 26ste en die een van die 25ste.

MNR. HANEKOM : Praat u van die Gebied 13 vergadering op die 25ste? -- Ja, dit is so.

Het niemand verslag gedoen oor h vergadering wat in Boipatong gehou was nie? -- Iemand het verslag gedoen daaromtrent by hierdie vergadering.

Waarom noem u dit dan nie as ek vir u vra nie? Wie het so h verslag gedoen? -- Die verslag het gekom van die persoon wat daar teenwoordig was Johnny Mokoena, beskuldigde nr. 11 en mnr. Sotso.

(30)

Het/...

Het hulle gerapporteer watter resolusies by daardie vergadering aangeneem is? -- Ja, hulle het.

Wat was dit? -- Dat die gemeenskap besluit het dat hulle gaan nie die verhoogde huurgeld betaal nie en dat daar 'n "stay away" gaan wees op die Maandag en dat daar 'n optog gaan wees om na die kantore toe te gaan van die Administrasieraad. Daar was toe 'n resoluëie op die beroep dat die raadslede moet bedank.

HOF : Die vergadering van Boipatong, was dit die vergadering op 26 Augustus? -- Ja, dit is so. (10)

MNR. HANEKOM : Het hulle verslag gedoen van waar af daardie optog sou vertrek? -- Nee, dit kan ek nie onthou nie.

Was dit een van die belangrikste besprekingspunte op die vergadering van 2 September nie, dat julle moes koördineer om die optog te reël na Houtkop? -- Waarvanaf hulle sou vertrek het met die optog van Boipatong was vir hulle om te besluit.

HOF : Was dit nie vir julle belangrik dat julle op dieselfde tyd aankom by die Administrasiekantore nie? -- Ja, dit was belangrik gewees dat ons op dieselfde tyd daar moet opdaag. (20)

Is dit nie bespreek nie? -- Ons het dit bespreek hoe laat ons mekaar by Houtkop gaan kry, maar ons het nie bespreek wat is die punt van waar af hulle gaan begin met die optog nie. Dit is die punt wat ek sê ek kan nie onthou of hulle dit bespreek het nie.

Hoe lank het u gedink sou u stap? U optog? -- Op die stadium toe ons dit bespreek het, wat ek in gedagte gehad het was ons sal miskien twee en 'n half ure vat of drie ure.

Dit is nou van Small Farms tot Houtkop? -- Ja, dit is korrek. (30)

MNR. HANEKOM : Is enige ander optogte bespreek op die vergadering? -- Nee, dit is net hierdie twee wat bespreek was.

Want ek wil aan u net die getuienis stel van brigadier Viljoen. Dit is aan hom gestel op bladsy 3 413 van volume 65 dat besluite geneem is dat mense op verskillende plekke in Sebokeng en op ander plekke sou vergader vir 'n opmars na Houtkop op 3 September 1984.

HOF : Ja, maar handel dit nie oor kennis wat hy gedra het nie? Het hy nie vantevore getuig dat hy inligting het oor die optogte nie? (10)

MNR. HANEKOM : Ek dink sy getuienis was juis dat hy nie kennis gehad het nie.

HOF : Wel, dan kon hy dit in elk geval nie ingelig het nie. Dit moet aansluit by 'n vorige stukkie getuienis daardie gedeelte. Dit kan nie net in die lug staan daar nie. Gaan intussen voort. U kan later op die ding terugkom. U sê daar was net twee optogte? -- Ja, dit is so.

MNR. HANEKOM : Is daar op die vergadering van 2 September resolusies bespreek wat op enige ander vergadering geneem is behalwe dié van 26 Augustus en 25 Augustus? -- Nee, (20) dit was net wat betrekking het op die twee datums wat ek alreeds genoem het.

Is daar op 2 September besluit wie die memorandum wat opgestel moes word sou oordra aan die Administrasieraad? -- Ja, dit was.

Wie was dit? Wie was die persoon? -- Ek self, Esau Raditsela, mnr. Sotso, beskuldigde nr. 7 David Mphuti, beskuldigde nr. 9 Ephraim Ramakgula en Johnny Mokoena, beskuldigde nr. 11.

Hoe het julle te werk gegaan om die memorandum op (30)

te/...

te stel? Het julle eers 'n konsep opgestel? -- Ons het eers ons resolusies nagegaan om te sien wat dit alles behels. Ons het eers met die huur begin.

HOF : U bedoel die huur eerste neergeskryf as punt nommer een? -- Ja, dit is so.

MNR. HANEKOM : Laat ek dit so aan u vra. Het julle die resolusies wat by die ander vergaderings geneem was almal die een na die ander neergeskryf of het julle uit al die resolusies uit sekeres gekies om in die memorandum te sit? -- Ons het die resolusies voor ons gehad, al die resolusies (10) voor ons gehad en dit bespreek.

Ja? -- Na die resolusies bespreek was, met die begin van die opstel van die memorandum het ons toe daar besluit dat die huur die eerste punt moet wees. Dit het gebeur na ek voorgestel het by hierdie vergadering dat 'n memorandum opgestel word.

Laat ons net kyk watter resolusies het u bespreek. Het julle die resolusies gehad van die vergadering op 26 Augustus van Gebiede 3 en 7? -- Ja, dit is so.

Het julle resolusies gehad wat geneem was in Gebied (20) 12? -- Nee, ons het die resolusies van Gebied 13 gehad by die vergadering van St Michael's Church.

Was dit die enigste resolusies wat u gehad het?

HOF : Die getuie het gesê dat hulle die resolusies van al die vergaderings gehad het. Neem hom daarvanaf verder. Moet nie laat ons nou weer deur die ding gaan nie.

MNR. HANEKOM : Julle het ook resolusies gehad wat in Boipatong geneem was. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Is dit die enigstes? -- Ja.

HOF : Enigstes van wat?

(30)

MNR. HANEKOM/...

MNR. HANEKOM : Die enigste resolusies wat hulle bespreek het.

HOF : Die resolusies van Gebied 13 St Michael's Church en die resolusies van Boipatong. Is dit die enigste resolusies wat u bespreek het? Daardie twee groepe resolusies? -- Nee, plus die Roman Catholic Church Small Farms.

MNR. HANEKOM : Van Gebiede 3 en 7? -- Ja, wat betrekking het op die vergadering van Gebiede 3 en 7.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

(10)

NAPHTALI MBUTI NKOPANE, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Mnr. Nkopane, net voor ons aangaan met die memorandum self. Laat ons net duidelikheid kry. Die vergadering wat in Gebied 13 gehou was op 25 Augustus 1984 het u geweet wat die posisie daarmee was? Was dit Gebied 13 mense wat daar vergader het of was dit Gebied 12 mense wat in Gebied 13 vergader het? -- Volgens wat ek verneem het, was dit mense van daardie gebiede, al die gebiede in daardie omgewing wat daar vergader het.

HOF : Watter gebiede lê omringend aan daardie vergader- (20) plek? -- 11, 12 en 14.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : En 13? -- Gebied 10 is ook in daardie omgewing.

HOF : En 13? -- En 13, ja.

MNR. HANEKOM : Is dit gerapporteer dat al daardie gebiede saam vergader op 25 Augustus in Gebied 13? -- Ja, dit is wat daar gerapporteer was.

Wie het dit gerapporteer? -- Een van die mense van Gebied 12 het daardie verslag gedoen.

Is dit op die vergadering van 2 September bespreek (30)

waar/...

waar die optog wat daardie mense op hulle vergadering op 25 Augustus op besluit het, waarvandaan hulle optog sou vertrek op 3 September?

MR BIZOS : There was no evidence that there was a decision of a march on the 25th. It was clear that it came from the floor on the 26th, that accused no. 5's report did not include a march. There is no other evidence as to what decisions were made.

MNR. HANEKOM : As ek die getuienis reg verstaan was dit gerapporteer dat ... (Hof kom tussenbei) (10)

HOF : Daar is nie getuienis dat daar 'n resoluëie was dat daar 'n optog sou wees, geneem op 25 Augustus nie.

MNR. HANEKOM : Was daar op 2 September 'n bespreking oor 'n optog wat bespreek was op die vergadering van Gebied 13 op 25 Augustus? -- Nee.

Het Esau Raditsela enige verslag gelewer op die vergadering van 2 September? -- By hierdie vergadering van die 2de het Esau geen verslag gedoen nie.

Was daar enige bespreking op 2 September dat van die ander gebiede se mense sou deelneem aan die optog van (20) Small Farms af? -- Hierdie optog van Small Farms het geen uitsondering gemaak van persone nie. Dit was bedoel vir die mense se griewe. So, almal het die reg gehad om deel te neem.

Was dit bespreek op 2 September? -- Nee, ons het dit nie op hierdie vergadering van 2 September bespreek nie.

Het enige van die verteenwoordigers van die ander gebiede 11, 12, 13 en 14 op die vergadering melding gemaak dat hulle gaan deelneem aan die optog? -- Ja, hulle het daardie aanduiding gegee dat hulle die idee van die optog goed (30)

verstaan/...

verstaan.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Die optog sou nou begin te Small Farms? -- Ja, dit is so.

Kan u nou net vir my opnoem die gebiede waarlangs die optog sou beweeg? -- Dit is Gebied 7 en deurgaans tussen die Gebiede 11 en 12 en weer deurgaans tussen Gebiede 11 en 13, dan verby Gebied 10 en dan Gebied 14. Daarvandaan is die volgende plek Houtkop.

Dit sou nie prakties wees om te verwag dat die mense van Gebiede 11 en 12 en veral nie die mense van 13 byvoor-(10) beeld en 10 stap na die kerk by Small Farms en dan weer dieselfde roete terugstap om by Houtkop te kom nie en dus wil ek vir u vra, was dit dan nie bespreek waar die verskillende gebiede by die optog sou aansluit nie? -- Al wat ons bespreek het was dat die optog by die Roman Catholic Church Small Farms gaan begin en die persone wat deel wil neem aan die optog sal na daardie plek toe moet kom, alhoewel ons dit nog in gedagte gehad het dat daar van die mense is wat by die optog sal aansluit op pad terwyl dit op pad is.

Is dit bespreek? -- Nee, daardie gedeelte was nie (20) bespreek nie.

Maar die mense sou mos moeite gehad het om van Gebied 10 te kom tot by Small Farms, want daar was nie vervoer op daardie dag nie? -- As dit mense was wat eintlik regtig ernstig was om dit by te woon, sou hulle dit gedoen het. Behalwe dit, daar is voertuie wat die môre van die 3de beweeg het.

Dit was nie verwag nie. As hulle beweeg het, was dit in stryd met wat die gedagte was? -- Nee, dit kan nie so gestel word nie. Ons het nie bedoel dat daar geen voertuie(30) moet/...

moet wees nie. Dit het van die persoon afgehang of die persoon nou sal wil gaan en gebruik maak van 'n voertuig. Al wat ons van hulle verwag het was dat hulle daar moet wees in die optog na Houtkop toe.

MNR. HANEKOM : U het die optog adverteer in u gebied, in Gebied 3. Hoe sou die ander mense in die Gebiede 10, 11, 12, 13 en 14 geweet het van die optog? -- Dit het nou afgehang van hulle areakomitees.

Is dit bespreek op 2 September? -- Nee, want die meerderheid van die mense was alreeds bewus van die optog. (10)

Hoe is hulle ingelig? Wanneer is hulle ingelig? -- Ek het hulle ingelig te Gebied 3 deur middel van pamflette, naamlik BEWYSSTUK AN15(ii).

Die vraag is, die mense in die ander gebiede, hoe moes hulle weet van die optog? -- Die lede van die komitees by hierdie verskillende areas moes hulle laat weet het.

Is dit op 'n stadium voor 2 September met die areaverteenwoordigers bespreek dat hulle dit moet doen? -- Nee, dit weet ek nie, want ek het net oor die area van Gebied 3 gewerk.

K546

Het enige van die mense op 2 September van die ander(20) gebiede gerapporteer daar of hulle die mense ingelig het of nie? --Nee, geen verslag was gemaak deur hierdie persone nie, maar na my mening, volgens my oorweging, het ek aanvaar dat die meerderheid van die mense weet al van hierdie posisie.

Dan is ons terug by die memorandum. Wie het die memorandum fisies neergeskryf, die inhoud daarvan? -- Die skrywer daar was mnr. Ernest Sotso.

Is daar deur die vergadering 'n bespreking gevoer oor elke punt wat in die memorandum neergeskryf moes word? -- Ja, dit is so. (30)

Is/...

Is daar enige van die resolusies wat u bespreek het wat nie in die memorandum beliggaam is nie? -- Dit was die besluit oor huur wat ons besluit het moet in hierdie memorandum vervat word.

HOF : Nee, u word gevra wat was nie daar in nie, nie wat was wel daar in nie? -- Daar was besluite geneem oor sekere dinge wat ons gevoel het is nie nodig om in hierdie memorandum van die Administrasieraad ingelyf te word nie. Dit is die volgende wat ek gaan noem. Oor die winkels wat vir die 24 uur gesluit sal wees, die boikot van die raadslede se (10) besighede indien hulle nie bedank nie en dat die optog by die Roomse Kerk, Roman Catholic Church begin om 09h00. Dit was ook nie ingelyf nie. Die leiers van hierdie optog wie dit sal wees was ook nie daar ingelyf nie asook die optog-toesighouers se name was ook nie daar genoem nie.

Ja-nee, maar dit was darem nou nie resolusies gewees nie? -- Nee, dan is dit al.

MNR. HANEKOM : Toe die memorandum klaar geskryf was, hoe lank was dit? Was dit een foliovel of drie foliovelle? Hoe dik was die ding? -- Dit was omtrent drie of vier "foolscap" (20) papiere wat eintlik in duplikaat geskryf was. Dit wil sê daar was agt altesaam met vier oorspronklikes en vier afskrifte van die oorspronklikes.

Wie het almal die memorandum onderteken? -- Mnr. Sotso, mnr. Esau Raditsela en ek self.

HOF : Net die drie persone? -- Ja, net die drie persone.

MNR. HANEKOM : Was die idee dat daardie memorandum wat daar opgestel was, die een was wat aan die Administrasieraad oorhandig sou word of moes hy nog oorgetik word en verwerk word? -- Dit was besluit dat hierdie memorandum 'n handgeskrewe (30) een/...

een sou wees en dit sou net so oorgedra word soos dit daar staan handgeskrewe.

Waarom het net die drie van u die memorandum onderteken en nie al die gebiedsverteenwoordigers nie? -- Ons is die persone wat eintlik verantwoordelik was vir die opstel van hierdie memorandum. Dit is die rede hoekom net die drie van ons daar geteken het, maar die ander mense teenwoordig daar het net idees bygedra.

Van watter gebied was mnr. Sotso? Waar was hy woonagtig? -- Hy is van Boipatong. (10)

U het ook getuig dat in die memorandum 'n versoek vervat was naamlik dat die Administrasieraad die beheer van die gebied moet oorneem as die raadslede bedank. Wie het dit voorgestel? -- Nee, dit kan ek nie meer onthou nie.

Was daar 'n bespreking gevoer oor daardie versoek in die vergadering? -- Ja, daar was 'n gesprek gewees.

Wat was die bespreking daaroor? -- Ons het bespreek aangaande die skrywery van ons griewe wat na die Administrasieraad toe geneem moet word. Wat nog daar bespreek was is die optog, die reëling daarvan, hoe ons dit gaan reël. (20)

Die vraag is, die versoek dat die Administrasieraad die beheer van die gebied moet oorneem, is dit bespreek? -- Ja, ons het.

Nou vra ek vir u wat was die bespreking daaroor? Wat was die kern van daardie bespreking? -- Wat daar bespreek was aangaande die was die volgende. Die mense se gevoel was dat die Administrasie is eintlik die mense wat die bestuurwerk doen van die Swartwoonbuurtes daar, maar dit doen hulle deur middel van die Stadsraad. Met die gevolg die gevoel was dat die Administrasieraad dit direk doen (30)

en/...

en nie gebruik maak van die Stadsraad om dit uitgevoer te kry nie.

Op die oggend van die 3de het u vasgestel of Esau die memorandum in sy besit het? -- Ja, dit is presies so. Ek het vasgestel dat hy dit by hom gehad het.

Toe u vir Esau gesien het na 3 September het u vir hom gevra wat het van die memorandum geword? -- Nee, al was dit nie op my vraag wat hy dit gesê het nie, het hy dit genoem dat die memorandum by sy woning is.

Wanneer was dit? -- Op 4 September. (10)

Wanneer het u vasgestel dat die memorandum nie meer beskikbaar was nie? -- Ek dink as my geheue my nie in die steek laat nie, was dit op die 5de of die 6de na ons verneem het dat sy huis uitgebrand is en dat Esau ook nou self in daardie tyd verdwyn het. Dit is die eerste keer dat ek daarvan bewus geword het dat die memorandum nie meer beskikbaar is nie.

Ek stel dit aan u dat Esau se huis nie afgebrand het op 4 of 5 September nie, maar eers op 19 September 1984? -- Nee, dit is nie hoe ek weet nie. (20)

HOF : Kan dit wees? -- Nee, dit kan nie wees nie.

MNR. HANEKOM : Waarom nie? Waarom sê u so? -- Omdat om en by die datum van die 6de was hierdie huis al gebrand gewees.

Het u dit self gesien? -- Ja, ek het dit gesien, maar dit was later. Ek kan nie meer presies onthou wanneer dit was nie.

HOF : 'n Dag later of twee weke later? -- Na 'n week eers het ek daardie huis met my oë gesien dat die huis gebrand is.

MNR. HANEKOM : Wel, ek wil dit net aan u stel dat in

BEWYSSTUK W60 - dit is volume 10 op bladsy 12, net vir (30)

rekorddoeleindes/...

rekorddoeleindes dit is n publikasie getiteld "Repression in a time of reform" en dit is in November 1984 uitgegee deur die UDF die Black Sash Transvaal Indian Congress, Transvaal Anti-PC, Johannesburg Democratic Action Committee DASCOM Detainees Parent Support Committee en The Human Awareness Program, op bladsy 12 in die tweede kolom heel onder aan.

HOF : Laat ons dit maar in die rekord in lees dan hoef ons nie almal weer die dokument uit te haal nie. "The home of the vice-chair of the Vaal Civic Association and chair (10) of the Vaal Women's Organisation was burnt down on 19 September 1984." Dit sê die UDF. Is hulle verkeerd? -- Wat my betref bly dit n fout.

MNR. HANEKOM : En daarmee saam wil ek net aan u stel dat Lord McCamel se getuienis was dat hy Esau nog gesien het op 6 September 1984? -- Ja, dit is hy wat hom gesien het. Ek het hom nie meer gesien van daardie tyd af nie. Ek weet ook nie waar hy hom gesien het nie.

Toe u by die huis van beskuldigde nr. 6 vergader het op 4 September waar Reverend Frank Chikane teenwoordig was, (20) was daar enige melding van die memorandum gemaak? -- By watter datum se vergadering?

4 September by beskuldigde nr. 6 se huis? -- Nee, geen melding was gemaak van die memorandum nie.

Het niemand vir Esau gevra na die memorandum nie? -- Ek sê dat ek van Esau verneem het oor die memorandum. Eintlik wat gebeur het is dat hy my daarvan gesê het.

Op daardie vergadering, op 4 September? -- Nee, dit was nie op die vergadering nie.

Maar die vraag is op die vergadering by beskuldigde (30)

nr. 6/...

nr. 6 se huis, het enigiemand vir Esau gevra oor die memorandum? -- Nee.

Toe julle die samesprekings met Reverend Frank Chikane gehad het, het niemand vir hom gesê "Maar kyk, ons het 'n memorandum gehad wat ons wou gaan oorhandig" nie?

MR BIZOS : With respect, the question has been answered three times that there was no question and there was no discussion.

HOF : Dit is heeltemal reg.

MNR. HANEKOM : Het enigiemand van julle op 'n later stadium(10) toe julle op 6 September by die UDF kantore was melding gemaak van die memorandum en vir die mense gesê "Ons het 'n memorandum gehad, maar ons kon hom nie oorhandig nie"? -- Nee, niemand het daarvan gepraat nie.

Waarom nie? Was dit nie 'n belangrike punt nie? -- Nee, nie op daardie huidige stadium nie.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Was Dorcas Raditsela die voorsitster van die Vaal Women's Organisation? -- Nee, ek het geen kennis daarvan gedra nie.

Of het Edith by hulle ingewoon? -- Ek volg nie die (20) vraag nie.

Het Edith in dieselfde huis gewoon as Esau Raditsela? -- Nee, sy het by haar ouers se huis gewoon.

Wie was die voorsitster van die Vaal Women's Organisation? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

MNR. HANEKOM : U getuienis was dat by die vergadering van 2 September 1984 die optog in groot diepte bespreek is? -- Ja, dit is so.

Was dit op daardie stadium deur enigiemand geopper, die vraag geopper of die optog wettig sou wees of nie? -- (30)

Nee/...

Nee, niemand het dit geopper nie.

Het u self daaroor gedink op daardie stadium of glad nie? -- Glad nie daaraan gedink nie.

In die bespreking oor die polisie op 2 September was die gevoel van die mense in die vergadering dat dit 'n groot waarskynlikheid was dat die polisie wel teëgekem sou word in die optog? -- Daar was so 'n gesprek gewees, ja, want soos ons almal weet in die lokasies is daar polisie te Sebokeng Swartwoonbuurt. Hulle is maar orals daar heen en weer elke dag. (10)

Was dit nie bespreek dat dit miskien beter sou wees om die polisie voor die tyd in te lig van die optog nie? -- Nee, niemand het daardie voorstel gemaak nie.

Het u nie self daaraan oorweging gegee nie? -- Nooit daaraan gedink nie.

Wat het u gedink wat sou gebeur as die polisie die optog konfronteer? -- Wat in my gedagte was was dat die polisie indien hulle die optog konfronteer sal hulle graag wil weet deur middel van vrae waarheen is hierdie optog op pad. (20)

Wat het u gedink sal die mense in die optog se reaksie wees as hulle in die optog besig is en hier word hulle gestop deur die polisie om verder te gaan? -- Dit het ons alreeds bespreek dat ons die gemeenskap gaan vra dat dié wat in die optog deelneem moet hulle self goed gedra. Selfs in die vergadering van die 26ste het ek 'n beroep gedoen op die gemeenskap dat aangesien hulle nou self besluit het dat daar 'n optog gaan wees na Houtkop toe die dag, moet hulle hulle self goed gedra.

Wat was u ondervinding is die mense se houding, die (30)

Swartinwoners/...

Swartinwoners se houding as hulle deur die polisie gekonfronteer word? -- Gekonfronteer word hoe?

As die polisie optree in die gebied? -- Wat is die optree wat u van praat? Ek wil net duidelikheid kry. Is dit dat hulle miskien na die mense skiet of traangas skiet of die mense word met sambokke geslaan?

Enige van daardie voorvalle? -- Ek weet nie wat om te sê nie, want dit het nog nooit vantevore te Sebokeng so gebeur nie.

HOF : Kan ons dit nie h bietjie anders stel nie. Het (10) die inwoners van Sebokeng vergeet wat in 1960 gebeur het te Sharpeville tydens h konfrontasie tussen die inwoners en die polisie? -- Dit weet ek nie. Ek het ook nie kennis gemaak daarvan of daar van die mense is wat nog onthou wat gebeur het daar destyds nie.

Het u self nooit gehoor van wat in Sharpeville gebeur het in 1960 nie? -- Ek was nie daar teenwoordig gewees nie, dus weet ek nie wat het eintlik daar gebeur nie. Behalwe dat ek miskien weet dat daar persone is wat geskiet was. Onder watter omstandighede dit gebeur het weet ek nie. (20)

MNR. HANEKOM : Het u self nog van die gebeure in 1976 in Soweto onthou? -- Ja, dit het ek onthou.

En met daardie kennis, wat het u gedink sou gebeur as die polisie die mense in die opmars konfronteer en hulle verhoed om voort te gaan met die optog? -- Wat gebeur het in Soweto in die jaar 1976 weet ek nie wat daar plaasgevind het wat veroorsaak het dat dit so gebeur het oor wat daar plaasgevind het destyds nie.

Het u gedink die mense in die optog sal dit gelate aanvaar as die polisie die optog stop en sê hulle kan nie voortgaan(30) nie/...

nie? -- Ja, aanleiding van die mense se "spirit" wat ek op die 26ste gewaar het, het ek aanvaar dat die mense normaal dit sal aanvaar as hulle gekonfronteer word.

HOF : Waaruit het u die "spirit" afgelei? Uit die singery? -- Die "spirit" het ek afgelei van die gehoor se bereidwilligheid om Houtkop toe te gaan en tweedens die gehoor se reaksie na aanleiding van my beroep dat hulle hulle self moet goed gedra in die optog, dat hulle geantwoord het deur te sê dat hulle tevrede sal wees solank hulle die kans gegun word om na Houtkop toe te gaan. (10)

Hulle sal tevrede wees? -- Tevrede wees.

MNR. HANEKOM : En as hulle nie die kans gegun word om te gaan na Houtkop toe nie? -- Niemand het so 'n aanduiding tevore gebring dat daar so 'n gedagte was dat die mense nie in staat sal wees om by Houtkop uit te kom nie.

U getuienis-in-hoof was dat op hierdie 2de September het julle juis bespreek dat as die polisie die optog verhoed om verder te gaan, sal julle dan vra dat net die afvaardiging verder gaan? -- Ja, dit is heeltemal reg so. Die beplanning van hierdie optog deur die lede van die komitees het (20) behels dat dit 'n optog moet wees wat "orderly" is.

U het getuig dat op 2 September is besluit dat 'n persoon van Gebied 3 en een van Gebied 7 en een van enige van die ander gebiede sal die leiers wees van die optog. Is dit reg? -- Dit is reg.

Is daar op daardie stadium besluit reeds watter persone dit sal wees? -- Nee.

Waarom moes dit mense wees van spesifiek Gebied 3 en Gebied 7? -- Daar is geen spesifieke rede hoekom dit besluit was nie, dit wil sê sover as wat my kennis strek. Al rede (30) wat/...

wat ek aan kan dink is die volgende. Dat die optog by die Roman Catholic Church sou begin het en die meeste van die mense wat dan met die optog daar sou begin het, sal dan gewees het vanaf Gebiede 3 en 7. Dus sou dit raadsaam gewees het dat hulle gelei word deur mense wat aan hulle, die optogbywoners bekend is.

Was dit inderdaad so bespreek? -- Nee, die persoon wat dit voorgestel het, het dit nie op hierdie manier gestel nie. Dit is wat ek net self dink was die rede daarvoor.
HOF : Was Gebiede 3 en 7 polities die mees aktiefste in (10) die VCA? -- Nee, dit sal ek nie weet nie, want ek is ook maar gekies op die 26ste.

MNR. HANEKOM : Is dit op 2 September bespreek wie van die Administrasieraad u sou wou te woord staan op 3 September by Houtkop? -- 'n Persoon wat aan ons bekend was as die mees senior of wat in die leidende gedeelte is van hierdie Administrasieraad was mnr. Ganz.

HOF : U wou met mnr. Ganz gaan praat? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Watter versekering het u gehad dat mnr. Ganz beskikbaar sou wees op 3 September? -- Al wat ons bekom- (20) mer het was dat die Administrasieraad sal aan diens wees daar op daardie dag. So, ons het nie ander dinge in gedagte gehad nie.

HOF : Kan ons net duidelikheid kry. Is mnr. Ganz se gewone kantoor daar by Houtkop? -- Hy is gewoonlik daar, die meeste van die tyd te Houtkop. Ek weet net nie of hy kantore by ander plekke het nie, maar ek ken sy kantoor as op Houtkop.

MNR. HANEKOM : Waarom het julle nie gèreël om 'n afspraak te maak met hom vir die 3de om te verseker dat hy julle te woord sal staan nie? -- Ons optog in die memorandum was nie (30)

spesifiek/...

spesifiek op een persoon gemik naamlik mnr. Ganz nie, maar dit was bedoel vir die Administrasieraad, nie 'n spesifieke persoon nie.

Was die werklike rede nie dit dat eerstens wou julle nie die optog bekend maak voor die 3de nie en tweedens was die moontlikheid daar dat as julle reëlings probeer tref het om iemand te sien op die 3de, hy sou sê hy wil julle nie in daardie omstandighede sien nie en dan het julle nie rede om met die optog aan te gaan nie? -- Nee, die optog was alreeds bekend lank voor die dag, dit wil sê net na (10) die 26ste was dit 'n bekende ding dat daar 'n optog gaan wees. Ons verwagting was op hierdie dag dat die Administrasieraad sal teenwoordig wees by die werksplek.

Is dit die rede nie dat julle wou baie - wat eintlik van belang is, julle wou met 'n optog by Houtkop uitkom en soveel as moontlik mense by Houtkop saamtrek nie? -- Nee, dit is nie die rede nie. Al rede wat ons gehad het was om die amptenare van die Administrasieraad te sien.

Wel, as dit die posisie was, waarom het julle nie dan in die eerste plek net 'n klein afvaardiging van sewe of (20) tien mense gekry om die memorandum te gaan oorhandig aan mnr. Ganz nie? -- Die versoek van die gemeenskap wat ons versoek het om soontoe te gaan, het besluit dat daar mense in 'n groot getal soontoe moet gaan.

HOF : Het u nie gedink dat die amptenare van die Administrasieraad sou skrik as daar so 'n groot klomp mense aankom en dat hulle die polisie sou ontbied nie? -- Dit is nie hoe ons daaraan gedink het nie. Ons het dit goed gedink dat as on in 'n groot getal daar kom, sal dit hulle oorreed dat die meerderheid van die mense het 'n grief oor hierdie huur. (30)

Dit/...

Dit is hoekom hulle in so 'n groot getal daar gekom het.

MNR. HANEKOM : Sou 'n beter metode om hulle te oorreed nie wees om 'n afvaardiging te stuur met 'n petisie wat baie meer handtekening kon bevat as wat mense in die optog kon wees nie? -- Wat die petisie betref, dit was nie die besluit van die gemeenskap nie. Die besluit was dat ons persoonlik soontoe moet gaan, in die sin dat dit eintlik die amptenary beter sal oorreed as hulle die mense fisies daar sien. Dit sou meer gewig gedra het dat die mense besluit het om self te kom as wat vyf persone daar kom namens honderd duisende (10) mense wat 'n grief het teen iet.

HOF : Hoe ver is Tumahole van Sebokeng af? -- Ek skat dit ongeveer tussen 50 en 60 kilometers.

Ons weet dat daar op 15 Julie 1984 groot oproer was in Tumahole wat begin het met 'n protesoptog, dat dit uitgeloop het op vier dae van oproerigheid en dat die polisie moes ingryp. Ons weet dat 'n winkelkompleks afgebrand is en 'n slaghuis en ons weet dat 'n hele aantal voertuie onder die klippe gestee is en geboue beskadig is. Ek neem aan dat op dardie tyd u dit geweet het? -- Dit is waar dat ek daar- (20) van geweet het, dit is die gebeure van Tumahole, maar ek het nie baie daarvan geweet nie, omrede ek nie geweet het wat die oorsaak daarvan was nie. So, ek was baie min ingelig aangaande die gebeure daar.

Soos ek die koerante ken sou hulle dit waarskynlik breedvoerig beskryf het? Het u nie koerante gelees nie? -- Ek het koerante gelees, maar nie dag vir dag nie. Ek het as ek reg onthou 'n koerant in daardie tydperk gelees, 'n koerant gelees.

Nou moet ek dit aan u stel, het dit nie by u in u (30) gedagte/...

gedagte opgekom dat u protesoptog moontlik dieselfde resultaat kan hê nie? -- Beslis nie. Dit het nooit in my gedagte gekom dat dit ook dieselfde resultate kan hê nie. Dit sê ek as gevolg van die mense teenwoordig daar se bereidwilligheid en hulle gedrag wat nie eintlik vir my 'n rede of aanduiding gegee het om dit so te oorweeg nie. Ek het ook van niemand gehoor, dit wil sê tussen die tydperk vanaf die 26ste na die 2de toe, wat van Tumahole gepraat het nie.

MNR. HANEKOM : U het nou al paar keer verwys na die mense se gedrag of hulle gees op 26 Augustus, maar dit was ook (10) deel van hulle gees dat toe daar genoem was dat 'n spreker moontlik 'n raadslid kon wees, hulle baie vinnig kwaad geraak het en u moeite gehad het om hulle te kalmeer? -- Dit is nie soos dit aan my gestel word nie. Wat ons betref was dit so 'n geringe ding gewees dat na dit gebeur het, het ons nie eers weer daaraan gedink nie.

Is dit enigsins op 2 September bespreek wat die posisie sou wees as julle Houtkop bereik en die owerhede daar weier om julle te woord te staan of selfs erger, hulle is antagonisties teenoor julle? -- Nee, dit was nie bespreek nie, (20) want ons het maar die hoop gehad dat as hulle ons daar teenwoordig sien, sal hulle met ons praat en veral dat ons te voet daar aangestap gekom het.

As u sê julle het maar die hoop gekoester, was dit dan - het die gedagte by u self opgekom dat dit 'n moontlikheid is? -- Wat se moontlikheid?

Dat die owerhede julle nie sal wil te woord staan nie of vyandiggesind teenoor julle sou wees? -- Nee, dit het nooit in my gedagte gekom nie.

Het u op 2 September geweet of daar enige ander (30)

massavergaderings/...

massavergaderings in die Vaal Driehoek gehou was op daardie dag, 2 September?

HOF : Op die betrokke dag self?

MNR. HANEKOM : Op die betrokke dag self? -- Nee.

Toe u op die oggend van 3 September 1984 by Small Farms aankom, wat was Esau besig om te doen? -- Met my aankoms daar het hy op die werf van die kerk gestaan met die ou man Sam Matlole, beskuldigde nr. 17.

Het hy u genader om plakkate te maak? -- Nee, hy het my nie genader nie. (10)

Hoe het dit gekom dat u plakkate gemaak het? -- Aangesien dit nou bespreek was op die 2de, het ek en Hlanyane, beskuldigde nr. 15, toe daar besluit om te "volunteer" dat ons die plakkate sal maak.

Aan wie het u hulp aangebied? -- In die teenwoordigheid van die komiteelede daar het ek en hy aangebied om die plakkate te maak.

Was die materiaal vir die plakkate alreeds beskikbaar? -- Ja. Op die stadium waar ons nou aangebied het om die plakkate te maak, was die materiaal alreeds daar gewees. (20) Wanneer dit daar gebring was, weet ek nie.

Het enigiemand vir u en beskuldigde nr. 15 gehelp met die plakkate? -- Ja.

Wie? -- Ek en beskuldigde nr. 15 het die skryfwerk gedoen. Esau het gehelp deur middel van die skeur van kartondose.

Was dit net julle drie wat daarmee doenig was? -- Nee, nie net die drie van ons nie. Daar was nog twee ander persone wat gehelp het met die skeur van kartondose.

Was dit net die vyf van julle wat daarmee doenig was? -- Ja, dit is reg, dit is so. (30)

En/...

En die enigste mense wat plakkate geskryf het, was u en beskuldigde nr. 15? -- Ja, dit is so.

Wie het besluit wat die bewoording van die plakkate moet wees? -- Die besluit was geneem by die vergadering van die 2de wat dit betref.

Hoeveel plakkate het julle gemaak? -- Ongeveer twintig.

Toe die twintig plakkate klaar gemaak was, wat het daarvan geword? -- Na ons dit klaar op geskryf het, was dit aan die jeug oorhandig.

Wat se jeug was dit? Was dit skoolkinders? -- Nee, (10) dit is net die gewone jeug. Daar was nie 'n kind met 'n uniform daar nie.

HOF : Laat ons net duidelikheid nou kry. Bedoel u met jeug persone ouer as skoolgaande ouderdom of bedoel u met jeug mense wat nie in skooluniforms is nie? -- 'n Kind wat alreeds met 'n bewysboek uitgereik is.

Dit wil sê 16 en ouer? -- Volgens my waarneming daar teenwoordig daar was die kinders se ouderdomme van 18 af.

MNR. HANEKOM : Het Esau die hele tyd daar gebly waar julle die plakkate gemaak het, terwyl julle besig was daarmee? (20) -- Ja, hy het aanwesig gebly tot op die tydstip wat ons moes weggaan.

Bedoel u dat die optog moet begin? -- Ja, dit is so.

Het Esau daar gebly tot die optog reeds opgestel was? -- Net voor ons begin het met die optog, het ons hom, Esau, versoek dat hy die mense uit die saal moet kry en ook melding maak van die dissipline wat ons in die vergadering van die 2de alreeds bespreek het met betrekking tot die optog.

Toe Esau in die saal in is, wat het u en beskuldigde nr. 15 gemaak? -- Op daardie stadium wat hy nog in die saal (30) was/...

was, het ons nog verder geskryf met die oog daarop om die laaste oorblywende plakkate uit te skryf. Na dit het ons deelgeneem aan die bymekaarkry van die mense wat daar rond was om naby die deur van die saal te gaan vanwaar die meerderheid van die betogers sou vertrek het.

Hoe lank het Esau binne gebly voordat hy uitgekom het?
-- Ek skat dit drie of twee minute is die tyd wat hy daar binne vertoef het.

Dit is aan die getuie IC.8 in volume 21 op bladsy 1 009 gestel dat mense in die binnehof was besig om plakkate (10) te maak. Stem u daarmee saam? -- Mense in die binnejaart van die plek het die plakkate opgestel?

HOF : Antwoord u dit positief of vra u 'n vraag? -- Dit is 'n vraag, want die vraag is nie vir my duidelik nie.

Ja. Wat sê u daarvan? Wat sê u van die stelling dat mense in die binnehof, dit wil sê die gedeelte tussen die geboue plakkate gemaak het? Die woord wat gebruik was was "court-yard"? -- Al wat ek kan sê is, ons was op die perseel daar. As daar verwys word na die binnehof verstaan ek nie wat moet ek sê nie. (20)

'n Perseel bestaan gewoonlik uit 'n stuk grond waarop geboue staan. By hierdie perseel as ek dit reg verstaan, was daar minstens drie en miskien vier geboue en tussen die geboue 'n ruimte wat genoem is die binnehof. Is die plakkate daar gemaak of is dit op 'n ander plek gemaak? -- Nee, dit was gemaak aan die agterkant van 'n gebou wat net naby die gebou is wat in die teenoorgestelde rigting van die voorkant van die gebou is. Dit wil sê langs die klein oprigting wat daar is, die struktuur wat daar op die perseel is. Langs nie agter nie. (30)

MNR. HANEKOM/...

MNR. HANEKOM : Wat sê u van die stelling dat - die stelling het so begin dat daar 'n klomp mense in die binneplaas was en dat dié mense besig was om plakkate te maak? U sê daar was net vyf. -- Daardie persoon vertel nie die korrekte verhaal nie. Dit kan nie die waarheid wees nie.

MR BIZOS : May I ask for a correction of the record to this extent. "Listen to me, I am going to put to you that people, in the court-yard," I ask for a correction.

COURT : Where are you reading now?

MR BIZOS : Page 1 009. (10)

COURT : Yes, but actually what is put to the witness now is on 1 008.

MR BIZOS : And also if it is going to be put "Did you not see them or did you not see some of them? I do not want to suggest that all of them were doing that." In the middle of page 1 009.

COURT : Yes, but let us not make corrections while the cross-examination is going on. I think that is highly irregular. I put it to counsel that if there are any mistakes in this record, I must be immediately informed thereof. (20)
We cannot have a debate about the correctness of the record when exactly that specific point is debated on until we are absolutely sure that it is a clearly mistake.

MR BIZOS : I am sorry, I have been misunderstood. I am only saying that if the record is punctuated properly with the two commas. I imagine myself on my feet having paused as a comma. I do not ask you for the alteration of any words.

COURT : Well, actually, if we place commas where all your pauses are, the thing will be full of commas. (30)

MR BIZOS/...

MR BIZOS : But it may have different meanings, but I do appeal to My Learned Friend is to read what is on 1 009. I was not making a serious application for an amendment.

COURT : Neither was I very serious in my answer. Actually, wat aan u gestel word is eintlik dit, dat die stelling is gemaak dat daar en ek sal dit voorlees "a considerable number of people, a crowd outside in the court-yard formed by the three buildings" was? -- Nee.

Dit is op die stadium toe IC.8 daar aangekom het. Kan u daarop kommentaar lewer of nie? -- Wat ek kan sê is die (10) mense was orals gewees op die werf van die kerk daar. Waar ons besig was om te skryf was ons net die getal gewees wat ek aan die Hof genoem het.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K547

NAPHTALI MBUTI NKOPANE, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Mnr. Nkopane, dit is aan die getuie Mahlatsi gestel in volume 43 op bladsy 2 085 en 2 086 dat plakkate die oggend by die kerk gemaak is deur verskeie persone, volwassenes en jeug binne-in die (20) vierkant? Stem u daarmee saam? -- Ek stem nie saam nie.

HOF : Is daar 'n parkeerplek wat 'n mens kan beskryf as 'n "parking place"? -- Daar is 'n opening daar waar enige persoon kan staan en enigiets doen daar by die opening. Dit is die plek wat ons genoem het terwyl ons die instruksies gegee het aangaande wat ander mense gedoen het terwyl ons die plakkate daar gemaak het. Die mense het daar gestaan en na ons gekyk van daardie opening af.

Die oop plek, is dit nou die "court-yard", dit wil sê tussen die drie geboue, die binneplein of nie? -- Nee, ek (30) noem/...

noem dit nie h "court-yard" nie, want daar is twee geboue wat langs mekaar staan. Eintlik is daar h opening tussen die twee. h Persoon kan daar deurgaen en om die een gebou gaan of by die ander een omgaan. So, ek kan nie sê dit is h "court-yard" nie. Die opdrag wat ons daaromtrent gegee het was dat terwyl ons besig was om te skryf was daar mense wat daar rondbeweeg het op die werf en van hulle het na ons gekyk waar ons geskryf het. Ek aanvaar dit kan dalk wees dat mnr. Bizos dit nie so gestel het soos ons die opdrag gegee het aan hom in verduideliking nie. (10)

U word mos nie nou om h verduideliking gevra nie?

MNR. HANEKOM : Was u een van die beskuldigdes wat instruksies gegee het oor die gebeure van die oggend van 3 September daar by die kerk? Het u ook persoonlik instruksies gegee oor die gebeure? -- Ek is een van die persone wat h beroep gedoen het op dissipline daardie oggend.

Nee, ek sal dit beter stel. Was u een van die persone wat persoonlik instruksies aan u regsverteenwoordigers gegee het oor wat gebeur het die oggend van die 3de? -- Ja.

Wel, ek stel dit aan u dat u nie betrokke was met (20) die maak van plakkate daardie oggend nie, maar wat gebeur het is dat van die jong mense, die jeug, besig was met die plakkate en dat die kartondose waarop dit gemaak is deur Esau Raditsela vir hulle aangebring is? -- Nee, dit is nie so nie. Ek was een van die mense wat die plakkate gemaak het.

Het ek u getuienis reg verstaan dat u nou sê dat die plakkate was glad nie in die binneplein of die vierkant gemaak nie? -- Die plakkate was gemaak op die werf van die kerk naby die huis wat agter die saal geleë is. (30)

HOF/...

HOF : Is die antwoord ja of nee? -- Ek verstaan nie as u praat van 'n "court", wat dit beteken nie?

MNR. HANEKOM : Die binneplein wat veroorsaak word deur die drie geboue op die perseel? -- Ek sê dit was nie in die binneplein gewees nie. Ek sal lievers sê dit was naby die binneplein.

HOF : Maar daar was 'n gebou gewees tussen die binneplein en waar julle was? -- Nie tussen ons nie. Eintlik is die posisie soos volg. Dit was eers die huis soos 'n mens nou staan, soos wat ek nou staan, aan my linkerkant en net (10) langs die huis aan die voorkant van die huis waar dan die binneplein begin was ons gewees.

Ek het dan verstaan dat u agter 'n gebou was? -- Aan die kant van die huis was ons gewees.

MNR. HANEKOM : In u hoofgetuienis was u getuienis dat toe u by die kerk aankom daar mense by die vierkant van die kerk was?

HOF : Op watter plek?

MNR. HANEKOM : Dit is volume 171 op bladsy 8 809.

HOF : En verder? (20)

MNR. HANEKOM : En dat die plakkaat daar gemaak is? -- Kan u dit vir my lees?

Die vraag aan u was "Were there any people at the quadrangle of the church complex when you arrived?" Die antwoord was "On arrival there the following people were already present, Esau Raditsela, Sam Matlole, no. 17 and a small group of people." Dan is die vraag "Were there any materials there to do the posters as you had agreed on the previous day? - Yes, there was." Dan so twee vrae aan "Did you do anything with the koki pen or pens? - (30)

Myself/...

Myself and Jacob Hlanyane, no. 15, volunteered to write the placards." -- Ek erken dat ek so gesê het, ja. Dit is miskien omdat ek dit nie genoem het dat terwyl ons nou die plakkate gemaak het, het ons weggeskuif naby hierdie huis, dit is aan die kant van hierdie huis.

Nadat julle vir Esau in die saal ingestuur het om die mense uit te haal, wanneer het Esau weer uit die saal uitgekome? Op watter stadium?

HOF : Twee minute later, het ek gehoor. Wil u nog meer weet? (10)

MNR. HANEKOM : Ja, ek sal dit net duidelik stel. Het u Esau gesien uitkom uit die saal uit? -- Ja, ek het.

Het hy eerste uitgekome of in die middel van die groep mense wat uitgekome het of wanneer het hy uitgekome? -- Hy het na al daardie mense uitgekome. Dit is die mense wat daar binne was.

U hoofgetuienis was hy het laaste uitgekome? -- Ek sê so.

HOF : Maak dit enige verskil of hy eerste uitgekome het of laaste uitgekome het?

MNR. HANEKOM : Ja, want daar is 'n wesenlike botsing in die getuienis. Ek gaan dit nou stel aan hom. -- Ek sê hy was agter die mense, dit wil sê die laaste persoon na die ander mense uitgegaan het. (20)

Dit is gestel aan die getuie IC.8 in volume 21 op bladsy 1 010 dat Esau het uitgekome agter 'n klompie mense wat daar voor hom was en toe is daar nog ander wat hom gevolg het uit die saal uit? -- Toe ek hom gesien het uitkom, was hy nie gevolg deur ander mense nie.

En dit is gestel dat dit beskuldigde nr. 2 se weergawe is van wat daar gebeur het? -- Ek ontken dit nie. Al wat (30)

ek/...

ek sê, toe ek hom sien die saal verlaat, was hy alleen. Ek het nie opgelet of daar nog ander mense was wat hom agtervolg nie. Dit wil sê as beskuldigde nr. 2 beweer dat hy gevolg was deur ander mense, het ek nie daardie mense gesien nie.

Ek stel dit ook aan u dat u weergawe oor wat daar gebeur het leuenagtig is in dié opsig dat op u weergawe het Esau Raditsela nie 'n toespraak gemaak binne-in die saal daardie oggend nie? -- My getuienis is dat Esau ons daar agtergelaat het en die saal binnegegaan het na ons gesê het dit is omtrent tyd. Met sy binnegaan in die saal in, het ons hom nie in (10) die saal in gevolg nie, maar omdat ek daarvan bewus was dat hy die mense moet spreek aangaande die dissipline, het ek in my getuienis erken dat hy wel in die saal gepraat het, maar waarom dit gegaan het of wat hy presies daar gesê het, weet ek nie.

Wel, ek stel dit aan u dat dit nooit in u hoofgetuienis die getuienis was dat Esau binne-in die saal 'n toespraak gemaak het nie?

HOF : Maar hy sê nie hy het 'n toespraak gemaak nie. Hy sê hy weet nie wat binne-in die saal gebeur het nie. Die (20) man is na binne toe en hy het 'n rukkie later uitgekom. Dit is al wat hy sê.

MNR. HANEKOM : U getuienis-in-hoof was dat Esau die mense buitekant die saal bymekaar geroep het en hulle daar toegespreek het? -- My getuienis is, ek het hom gesien daar buite die gemeenskap toespreek en dit het ek ook gehoor dat hy die gemeenskap toespreek.

Wel, ek stel dit aan u dat wat inderdaad gebeur het, is dat uself en beskuldigde nr. 15 saam met Esau binne-in die saal was waar hy 'n toespraak gemaak het en u en (30) beskuldigde/...

beskuldigde nr. 15 was saam met hom op die verhoog? -- Dit is nie so nie.

Wat het uself buitekant die saal gesê in u eie toespraak? -- Wat ek gesê het is dat die gemeenskap wat deelneem aan die optog sal moet oplet na die "marshalls" wat vir hulle instruksies sal gee aangaande die optog. Ek het ook daar 'n versoek gerig aan die "marshalls" en die leiers dat hulle moet toesien dat daar nie mense agterbly veral die ouerige mense nie. Ek het verder gesê dat hulle moet toesien dat as dit gebeur dat daar 'n opening is tussen die mense van (10) die optog, 'dan moet hulle toesien dat dit toegemaak word.

HOF : Word dit nou betwis, hierdie gedeelte? Word hierdie stuk wat hy nou vir my vertel het betwis?

MNR. HANEKOM : Ja.

HOF : Dat hy dit gesê het?

MNR. HANEKOM : Dat dit al is wat hy gesê het.

HOF : Vergeet nou van die al. Word hierdie gedeelte betwis wat hy nou gesê het en wat ek nou twee keer afgeskryf het?

MNR. HANEKOM : Nie in wese nie. (20)

HOF : Nou waarom moes ek dit twee keer afskryf? Gaan aan.

MNR. HANEKOM : Het u dit in u toespraak beklemtoon dat al die mense bymekaar moet bly in die optog totdat hulle Houtkop bereik, wat die doel van die hele optog was? -- Ek het so gesê, ja. Raditsela het dit ook gesê.

Hoe hou dit verband met die oproep wat julle aan die mense gemaak het dat as hulle gevra word deur die polisie om uiteen te gaan moet hulle uiteen gaan? -- Raditsela in sy toespraak het gesê dat die mense moet weet dat dit kan wees dat hulle die polisie gaan raakloop met die optog. (30)

Indien/...

Indien dit gebeur is daar 'n moontlikheid dat die polisie sal wil weet waarheen die optog op pad is. Dit is dan op daardie stadium wat hy gesê het die mense moenie "panic" as hulle die polisie sien nie.

Het Esau dit aan die mense gestel dat wanneer hulle die polisie sou teëkom hulle nie moet uiteen gaan nie, maar moet voortgaan reguit Houtkop toe? -- Ja, hy het so gesê. Mag ek verduidelik wat hy eintlik daar gesê het? Hy het dit eintlik in hierdie sin gebruik. Sy woorde was eintlik dat al sien hulle die polisie, moet hulle nie uiteen gaan(10) nie, hulle moet nogtans in die optog bly. Alvorens hulle weet wat die polisie sê en alvorens hulle weet of hulle nou moet breek of wat die posisie is, moet hulle aanhoudend in die optog bly. Dit beteken hulle moenie sommer uiteen gaan sodra hulle die polisie sien nie. Hulle moet eers staan en wag en hoor wat die polisie sê. Indien daar iets is wat die polisie wil hoor, sal die polisie daarvoor vra. Hy het toe verder gesê dat dit persone wat uitgewys was van die komitees dat hulle die memorandum moet gaan voorlê, sal die sprekers wees om met die polisie te onderhandel indien(20) daar enigiets is wat aan die polisie gesê moet word.

Het Esau gesê dat dit 'n belangrike optog is en dat dit belangrik is dat hulle Houtkop moet bereik as 'n groot groep mense? -- Ja, toe hy dit gesê het, is toe hy bedoel het dat die mense moet normaal beweeg tot by Houtkop.

Het Esau gesê die mense moet nat lappies by hulle hou vir ingeval die polisie traangas gooi? -- Nee, hy het nie so gesê nie.

Volume 21 op blady 1 000 was daar so 'n suggestie aan die getuie IC.8 gemaak. Op daardie bewysplek is die (30) stellings/...

stellings behandel van wat Esau sou sê en dan is daar gevra aan die getuie "Did he say people should keep wet cloths with them to protect themselves should the police throw teargas at them." Dit is dan net daarna ook gestel "Did you hear him say as I put to you that he did say that, this was an important march and it was important to reach in Houtkop as a long and strong march"? -- Ek weet nie of die getuie IC.8 van die toespraak van Esau gepraat het wat hy gelewer het daar buite nie. Indien hy beweer dat hy daarvan praat, dan is dit nie so nie. (10)

Beskuldigde nr. 8 het saamgestem met jou dat dit nie so is nie - getuie IC.8.

HOF : Ek wil nog op die bladsy iets aan u stel. Dit is gestel aan die getuie IC.8 dat daar omtrent tweehonderd persone in die saal was daardie oggend. Sou dit reg wees? -- Ja, dit is reg.

MNR. HANEKOM : Het u daardie oggend gehelp om die optog op te stel, om mense in die optog op te stel? -- Die môre is waar ek gesê het die "marshalls" sal verskillende posisies neem in die optog. (20)

Die vraag is, het u self gehelp om die optog op te stel? -- Ek stem saam.

Op watter stadium? -- Net na ons toesprake gemaak het aan die gemeenskap.

Waar was Esau op daardie stadium? -- Hy was teenwoordig. Hy het ook dieselfde werk gedoen.

Dit is aan getuie IC.8 gestel in volume 21 op bladsy 1 016 en 1 017 dat op die stadium toe Esau binne-in die saal besig was, was uself en beskuldigde nr. 15 buite besig om die mense op te stel om die optog te vorm? -- Dit is nie (30)

ver/...

ver uit nie. Die volgende het gebeur. Dit is hoekom ek sê dit is nie ver uit nie. Op die stadium wat Esau die mense uit die saal gaan uitkry het, het ons terselfdertyd die mense bymekaar gekry daar buite.

Op watter stadium is dit besluit wie die optog sou lei vanaf die perseel? -- Dieselfde môre daar na ons die toesprake gemaak het aan die gemeenskap, het drie persone op hulle eie daar gesê dat hulle die leiers gaan wees.

Aan wie het hulle dit oorgedra? -- Dit het hulle gesê in almal se teenwoordigheid waar ons almal bymekaar was, (10) naamlik Esau en die ander lede van die komitee.

Waar was Esau toe die optog begin? -- Toe die optog begin was ons nog steeds op die erf van die kerkperseel, want ons moes toegesien het dat die vensters toe is en die deure later gesluit is.

HOF : Ons is nou wie? -- Ek, Esau en Sam Matlole.

Beskuldigde nr. 17. -- Ja en nog drie ander persone wat ons gevra het om agter te bly sodat hulle die vensters moet toemaak.

MNR. HANEKOM : In u hoofgetuienis het u getuig dat terwyl (20) die optog aan die gang was, was u in die middel rond van die optog en Esau ongeveer ses meter voor u? -- Nog op die erf?

HOF : Nee, nee, terwyl die optog in die straat aan die gang was? -- Op 'n sekere stadium was hy ses meter voor my gewees, nie die hele tyd nie.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Hoe ver is ses meter van waar u nou staan? -- (Getuie dui distansie aan)

HOF : Tien meter? As dit belangrik gaan word kan ons dit afmeet.

MNR. HANEKOM : Wanneer het u dié posisie ingeneem tydens (30) die/...

die optog? Hoe ver was julle van die kerk af weg toe jy in die middel van die optog gekom het? -- Dit was in die nabyheid van die kommissaris se kantore.

Het u min of meer daardie posisie behou tot waar die optog uiteen is? -- Min of meer, ja. Op 'n stadium het ek miskien agter ingeval en partykeer was ek 'n bietjie vorentoe.

Hoe ver het u teruggeval by geleentheid? -- Ek het omtrent 'n distansie van die breedte van hierdie hofsaal teruggeval op 'n stadium. Dan het ek vinniger gestap en weer die posisie ingeneem. Op 'n stadium het ek verby die posisie gegaan (10) met die oog daarop om te sien dat die optog nog in die regte posisie is.

HOF : Ongeveer 12 meter teruggeval sou ek sê.

MNR. HANEKOM : Wanneer u so teruggeval het soos u nou gesê het ongeveer 12 meter, was daar dan nog 'n groot deel van die optog agter u? -- Ja, daar was. •

Het u beskuldigde nr. 17 gesien in die optog?

HOF : Kan ek net dit vra voordat u dit antwoord. U was nie in die optog nie? U was langs die optog om die mense in die optog te hou? -- Ja, net soos 'n "marshall". Ek het langs (20) die optog gestap.

En Esau Raditsela was ook soos 'n "marshall" langs die optog en nie in die optog nie? -- Ja, hy was ook in dieselfde posisie soos ek.

MNR. HANEKOM : Wanneer u so teruggeval het, die verste wat u teruggeval het, was daar nog ander "marshalls" agter u wat na die agterpunt van die optog gekyk het? -- Ja.

Het u beskuldigde nr. 17 in die optog gesien, waar hy was? -- Toe ons by hierdie optog gekom het, dit wil sê toe ons nou posisie ingeneem het daar as "marshalls", het ek (30)

beskuldigde/...

beskuldigde nr. 17 agter my gelaat. Dit wil sê aan die stertkant van die optog.

Nadat u en Esau en beskuldigde nr. 17 toegesien het dat alles by die kerk in orde is waar julle vandaan vertrek het, het julle die posisies ingeneem wat u nou beskryf het? -- Toe ons ons posisies daar ingeneem het, was die optog alreeds uit die werf uit.

Toe u toegesien het dat alles by die kerk klaar was, het u toe opgevang met die optog en die posisies gaan inneem wat u nou vir die Hof beskryf het, nadat u die kerk toege- (10) sluit het? -- Toe ons daar weg is, was ons haastig gewees om ons posisies in te neem.

HOF : Wie was nou heel voor? -- Mnr. Ephraim Ramakgula, beskuldigde nr. 9, Reverend Jacob Mahlatsi, Modise Mthombeni, 'n lid van Zone 7 se komitee.

MNR. HANEKOM : Het u inderdaad die posisies gaan inneem soos u beskryf het vir die Hof? -- Ja, ons het.

Dit is aan die getuie Mahlatsi gestel in volume 43 op bladsy 2 092 dat uself en Esau Raditsela agter langs gebly het om toe te sien dat mense nie agter raak met die optog (20) nie? -- Dit was gestel omdat ons gesê het dat ons het agtergebly om toe te sien dat die vensters en die deure van die saal toe is. Dit wil sê dit is toesien dat niemand agterbly by die kerk nie. Met die gevolg is, dit kan maklik so gesê word. Ek betwis dit nie.

Nee, dit is nie die stelling wat aan die getuie gemaak is nie. -- Dit is hoe ek hierdie stelling verduidelik.

Die stelling aan die getuie Mahlatsi was dat uself en Esau nie aan die voorpunt van die optog was nie, maar inderdaad agter was om toe te sien dat mense nie agter raak (30) nie/...

raak nie? -- Ja, ek stem saam dat dit so is, maar dit het nie beteken dat ons permanent daar agter moet bly nie, want die optog is maar besig om te beweeg.

Was u op enige stadium agter om te kyk dat die mense agter nie agter raak nie? -- Ja, dit is die eerste ding waarna ons gekyk het na ons die saal verlaat het. Ons het toegesien dat daar niemand agterbly in die saal nie, na die gebruik van die saal. Ons moes toegesien het dat almal in die optog deelgeneem het van dié wat in die saal was.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : En as iemand wou huis toe gaan (10) daarvandaan? -- Nee, daar is niks wat ons daaraan kon doen het nie. Die persoon sou maar huis toe gegaan het.

MNR. HANEKOM : Want u sien, net op die volgende bladsy 2 093 is dit gestel dat beskuldigde nr. 17 was in die middel van die optog en nie aan die voorpunt nie? -- Op watter stadium? Waar was die optog gewees op die stadium toe hy nou in die middel was?

Die grootste deel van die optog, van die tyd?

HOF : "Whilst the march was proceeding." -- Soos ek alreeds gesê het, daar moes beheer uitgeoefen gewees het van die (20) optog, dat daar nie mense agter raak nie. Met die gevolg, met die beweging van die optog, kon h persoon nie pal by die presiese punt gewees het van die optog nie.

Ja, maar ek het begryp van u dat u in die middel was van die optog en dat beskuldigde nr. 17 begin het toe die optog begin het aan die stertkant van die optog? -- Toe ons weggetrek het vanaf Small Farms was die optog nog kort gewees, maar dit was aangeval terwyl ons besig was met die optog. Daar het mense bygekom. Met die bykoms van die mense het ons ook maar onself verstel. (30)

MNR. HANEKOM/...

MNR. HANEKOM : Hoe het u self verstel? -- Wat gebeur het daar was, terwyl ons langs die optog gestap het en die optog meer geword het, het 'n mens gekyk wat die distansie is tussen hom en die persoon agter hom. Met die gevolg dat jy dan sal skat wat die distansie is en dan sal jy ook maar moet terugval vir 'n distansie om by hom te wees met die distansie soos hy nou terugval in die vergroting van die optog.

HOF : Die persone wat terugval is nou die "marshalls", soos julle hulle genoem het? -- Ja.

Het die mense wat hulle by die optog aangesluit het (10) gewag tot die optog verbykom en agter aangelas of het hulle tussenin in die rye ingedruk? -- Daar is van hulle wat sommer tussenin infiltreer het en daar is van hulle wat gewag het tot die optog verby is om aan die stertkant aan te las.

Toe die optog begin het, sê u, was dit betreklik klein. Was dit baie meer as die tweehonderd omtrent wat in die saal was? -- Ek skat ongeveer vyfhonderd persone op hierdie optog toe dit begin het om weg te beweeg.

Toe dit uiteindelik opgebreek is by Hunter's Garage, hoe groot was dit toe? -- Die lengte daarvan was omtrent (20) 500 meter as my skatting goed is.

En die persone? -- Ek skat dit om en by drieduisend.

Dit is nou ses keer soveel as wat by die kerk begin het? -- Ja, dit is so.

En nie van daardie vyf ekstra mense vir elke een wat in die optog was het die vermaning gehoor om hulle te gedra nie? -- Watter?

Vir elke een wat in die optog was wat by die kerk begin het, het daar vyf bygekom? -- Ja, maar kyk, by die vergaderings was dit bekend gemaak die beroep wat ons gedoen het (30)

dat/...

dat die mense wat wil hê hulle griewe moet oorgedra word, sal baat daarin dat hulle hulle self goed moet gedra. So, dit was 'n bekende feit dat mense hulle self moet goed gedra. Selfs die "marshalls" het die mense wat daar aangesluit het langs die pad gesê wat daar verwag word dat hulle hulle self moet gedra want die pad lei na Houtkop toe. Die mense het dit besef terwyl hulle nou aangesluit het by hierdie optog as gevolg van die gedrag van die "marshalls" hoe hulle hulle self moet gedra na aanleiding van die beheer van die optog deur die "marshalls". (10)

MNR. HANEKOM : Het u vir mnr. Masinya op enige stadium in die optog gesien? -- Ek het hom glad nie gesien hierdie dag nie, nêrens.

Hoe ver was die voerpunt van die optog van die interseksie af soos ons dit later in die hof geïdentifiseer het toe u die groep mense van voor af gesien het?

HOF : Beduie net eers vir die getuie presies wat ons bedoel met die interseksie, want ons het al netnou gepraat van 'n "crossing" en dit is iets heeltemal anders.

MNR. HANEKOM : Die interseksie waar die laan uitgaan na (20) Caeser se huis toe? Ons praat van daardie interseksie waar 'n mens links afdraai na die stadion toe en regs aangaan na Houtkop toe?

HOF : Daar is 'n plek waar die pad 'n geleidelike draai maak. Daardie pad draai geleidelik na regs. By daardie punt is daar 'n klein laan wat uitloop en dan uiteindelik by Motjeane se huis kom. -- Ja, ek onthou daardie plek.

Daardie plek het ons aan die begin van hierdie saak die interseksie genoem en ons gaan dan nou maar voort met die benaming van interseksie. Wat is die vraag? (30)

MNR. HANEKOM/...

MNR. HANEKOM : Hoe ver was die voerpunt van julle optog van daardie interseksie af toe u die eerste keer die ander groep daar gesien het? -- Ek weet nie hoe ver ons voerpunt van die optog was van hierdie klomp wat daar was nie, want ek self was heel agter, dit wil sê aan die agterkant van ons voerpunt.

HOF : Ja, maar die vraag is, toe u vir die eerste keer die ander groep sien, het u die ander groep op 'n stadium gesien? -- Ja, ek het die klomp gesien. Dit was na ek by Hunter's Garage verby is. Tussen Hunter's Garage en die kiosk in (10) die rigting van Gebied 11, dit is waar ek was toe ek hierdie klomp vir die eerste keer gesien het.

MNR. HANEKOM : Hoe groot het u die groep geskat? -- Ek skat dit omtrent twee- tot driehonderd.

HOF : Laat ek nou net duidelikheid kry, ek het nie my kaart hier nie. Praat u van Hunter's Garage of praat u van die BP Garage? -- Die BP Garage.

Ja, dit is wat ek verwag het.

MNR. HANEKOM : Hoe ver was die voerpunt van daardie groep mense wat van voor af gekom het van die interseksie af (20) toe u hulle gesien het? -- Dit is vir my moeilik om vir die Hof te kan sê hoe ver hulle was, want dit is 'n draai by hierdie plek. Terwyl ek nog nie die draai begin het nie, het hulle te voorskyn gekom. Dus kan ek nie sê wat die afstand was nie.

Was die groep mense ook opgestel in 'n ordelike optog wat vorentoe beweeg het? -- Ja, dit is so, want hulle het in die middel van die teervlak beweeg.

HOF : Dus hulle was nie 'n los groep nie, dit was 'n optog? -- Dit was mense wat bymekaar was. (30)

In/...

In rye? -- Weens die distansie vanwaar ek was na hulle toe, is ek nie in staat om vir die Hof te sê of hulle in rye was nie. Ek was nie in staat om dit te kan sien of hulle in rye was nie.

Die breedte van die pad wat hulle beslaan het, was dit omtrent so breed soos julle optog? -- Soos ek alreeds gesê het, ek het nog nie die draai begin nie. Die mense het om die draai gekom om by my voorste punt van die optog aan te sluit. Dus was ek nie in staat gewees om te sien of hulle nou die helfte of watter gedeelte van die teer gedek het (10) in hierdie beweging van hulle nie. Ek kan dus nie sê nie.

Om watter draai het hulle gekom? -- In die teenoorgestelde rigting van die voerpunt van ons optog sal ek sê. Hulle het stadig beweeg of amper nie beweeg nie, maar net geskuif. Ek kan nie presies sê wat die beweging van die persone is nie, maar hulle was net voor die voerpunt van ons optog.

MNR. HANEKOM : Waarom kan u nie vir die Hof sê of hulle besig was om te skuifel om te stap nie? Het u moeilikheid gehad om te sien wat daar gebeur? -- Ek wil my nie self daaromtrent bine nie. Ek was nie voor aan die voerpunt van (20) ons optog nie.

HOF : Maar dit is so dat hulle op die teer aangekom het in die teenoorgestelde rigting as waarin die optog beweeg het? -- Ja, dit het ek gesien.

MNR. HANEKOM : Kon u sien of daar leiers was in daardie optog? Mense wat ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Net 'n oomblik. Ek begryp nie u stelling dat u om 'n draai moes gekom het en dus nie kon sien nie. Die pad, as ek dit reg het, by die BP Garage is reguit? -- Daar is 'n misverstand. Ek sê nie dat ek by die draai was nie. Ek sê die (30) pad/...

pad is reguit waar ek was, tussen die kiosk en die BP Garage. Heel voor soos die optog nou beweeg het, maak hierdie pad 'n draai. Ons voorpunt van die optog het al daardie draai begin vat toe ek gewaar het dat daar 'n ander klomp was op die teer-gedeelte wat in die teenoorgestelde rigting is as ons voorpunt van die optog.

So, die ander mense het dan van die teenoorgestelde kant af gekom en die voorpunt van die optog by die draai ontmoet? -- Ja, van daardie distansie waar ek was. Dit is wat gebeur het. (10)

Aan watter kant van die optog het u geloop? Die regterkant of die linkerkant? -- Aan die linkerkant.

Dan kon u hulle gesien het die ander groep as hulle by die interseksie aangesluit het, maar nie as hulle verby die interseksie van u kant bekyk aangesluit het nie? -- Ja, toe hulle net die interseksie binnegaan kon ek hulle sien.

MNR. HANEKOM : Op daardie stadium was u eie optog se voorpunt ook reeds binne-in die interseksie. Is dit reg? -- Min of meer, ja, van my distansie waar ek was.

Het u enige ander groepe of groepies mense gesien aan (20) die linkerkant by die interseksie vanwaar u was? -- Daar was klein klompies gewees aan weerskante van die straat.

HOF : Het u 'n groterige groep mense gesien wat van links af by die optog aangesluit het? -- (Geen antwoord)

MNR. HANEKOM : Hoe groot is die groepies wat u daar gesien het in die interseksie? Die klein groepies wat u van praat? -- Dit is vir my moeilik om vir die Hof te sê in getal hoeveel mense in hierdie groepies was. Dit het so gebeur dat ek miskien twee persone gewaar het wat nie ver is van drie ander persone wat daar bymekaar staan nie, wat ook nie (30)

ver/...

ver is van 'n ander klompie persone wat bymekaar staan nie. 'n Mens kon nie sê dat dit een klompie was nie. Die mense het net daar gestaan soos hulle mekaar geken het.

Was daar in die interseksie self 'n massa mense op die stadium toe julle optog die interseksie genader het? -- 'n Massa groep wat ek na kan verwys in daardie interseksie is die klomp wat ek gesê het wat in die teenoorgestelde rigting beweeg het. Dit wil sê van ons optog. Verder die res van die mense daar sal ek sê "they were scattered people".

As iemand sou sê dat afgesien van die groep wat van (10) die teenoorgestelde kant af gekom het daar ook 'n massa saamtrek van mense in die interseksie self was, is dit nie reg nie?

HOF : Het iemand ooit daardie twee dinge in een asem genoem?

MNR. HANEKOM : Dit is my notas dat dit wel so is.

HOF : Lees dit maar vir ons voor dat iemand gesê het dat afgesien van die klomp wat van die voorkant af gekom het was daar ook nog 'n massa in die interseksie? Watter plek verwys u na?

MNR. HANEKOM : Dit is volume 22 op bladsy 1 048 van die (20) tweede reël af. "I am going to put to you that this intersection ...". (Hof kom tussenbei)

HOF : Wat ek aan u gestel het, is daar ooit gesê die twee dinge in die een asem. Dit wil sê dat die interseksie vol persone was en dat daar ook nog 'n ander groep aangekom het van die teenoorgestelde kant? Want dit is wat u nou aan hierdie getuie stel.

MNR. HANEKOM : Dit is nie getuienis wat ek stel nie. Wat ek aan die getuie stel is stellings wat aan die Staatsgetuie gestel is.

(30)

HOF/...

HOF : Ek weet nie of dit so gestel is nie. Die saak was dat daar n ander groep mense daar aangekom het wat by hulle aangesluit het en ek het nie verstaan dat daar n geweldige klomp mense was en dat daar ook nog n ander groep mense aangesluit het nie, maar as dit so gestel is, neem ek aan dat u dit vir my so sal wys.

MNR. HANEKOM : Ek het nog n verwysing daarna, maar as u vir my sal ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek dink u kan n bietjie hieroor herkou met die verdaging. (10)

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 20 FEBRUARIE 1987.